Jou geskenk van"geen veroordeling" ! 2009-12-20

Inleiding:

Wanneer 'n leeu brul, doen hy dit met soveel krag, dat hy 'n stofwolk kan opblaas. Jy kan tot 8 km ver 'n leeu se brul hoor.

1Pet 5:8 Wees nugter, wees wakker en waaksaam! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.

Al ooit gewonder hoekom hy optree soos 'n leeu?

Dit het definitief iets te doen met **die brul van 'n leeu.** Bybel verwys daarna dat die brul van **'n leeu is soos 'n Koning se woede / grimmigheid.**

Spr 19:12 Die grimmigheid van 'n koning is soos die gebrom van 'n jong leeu, maar sy welgevalle is soos dou op die plante.
Pro 19:12 'n Koning se woede is soos die brul van 'n leeu, en sy goedgesindheid soos dou op die gras.
Pro 19:12 The king's wrath is as terrifying as the roaring of a lion, but his favor is as [*refreshing as*] dew upon the grass. [*Hos. 14:5.*]

Ek glo dat wanneer die **duiwel rondloop soos 'n brullende leeu, hy jou o.a. onder die indruk wil bring en laat glo dat die Koning vd konings, kwaad is vir jou!**
Wanneer 'n mens glo dat God kwaad is vir jou, **weet die duiwel dat hy jou het net waar hy jou wil** hê: passief / hooploos / geloofloos / droomloos / visieloos / gunsloos / seëninge-loos !

Wanneer jy dink dat God kwaad en ontevrede is met jou**, sal jy geen vertroue en geloof** hê dat God nog steeds, ten spyte van wat ookal gebeur het, **vir jou lief is nie.**

Instede sal jy in **vrees lewe en verwag dat God jou gaan straf.** Dit sal maak dat jy wegvlug van God se teenwoordigheid want jy wil nie Hom nog verder vir jou kwaad maak nie.
Joh 1:17 Want die **wet** is deur Moses gegee; die **genade en die waarheid** het deur Jesus Christus gekom.

Genade is aan die waarheid se kant: Waarheid is aan die genade se kant.

Dikwels: Dis die Evangelie waarheid – gepreek op 'n kras en kru wyse – mense veroordeel word, is dit nie die waarheid nie – want daar is geen genade nie.

Waarheid: God is nie kwaad vir jou nie, selfs al het jy verbrou en skandes gemaak, want al jou sonde se straf het ten volle op Jesus Christus gekom aan die Kruis. Die oordeel van jou en my en die hele mensdom se sonde, het op God se Seun neergekom en Hy is gestraf vir jou sonde, ook van dit wat in 2009 plaasgevind het.

"Double Jeopardy" Tommy Lee Jones en Ashley Judd . - verklaar dat dieselfde misdaad kan nie twee keer gestraf word nie.

Vandag sal die vuur van God se **wraak op sonde nooit weer op jou val as gelowige nie omdat dit reeds op God se Seun, Jesus Christus gekom het aan die kruis.**

Jes 53:5 Maar Hy is **ter wille van ons oortredinge deurboor**, ter wille van ons **ongeregtighede is Hy verbrysel**; **die straf wat vir ons die vrede aanbring**, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Onthou u die verhaal van die vrou wat in egbreuk betrap is? Hoe die Fariseers haar voor Jesus kom neergooi het en strikvrae gevra het?

Met een uitspraak ruk Jesus die mat onder hulle voete uit. Want hierdie klomp het daar aangekom en gedink hulle gaan Jesus op die horings van `n dilemma te plaas; **dat hulle *Hom* sou forseer om te kies tussen genade en geregtigheid: *'Hy kan tog nie altwee kies nie.'* Maar hulle het nie met die Goddelike sending van Jesus na hierdie wêreld rekening gehou nie.** Want Jesus het gekom om **genade en geregtigheid met mekaar te versoen**. Die Fariseërs kom trots ingemarsjeer: "vandag sal ons staatsaanklaers wees." Jesus slinger hulle sonder seremonie saam die beskuldigde bank in.

[10]En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie?

[11]En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.

Let wel: Jesus gee haar die gawe van geen veroordeling VOORDAT Hy vir sê om NIE WEER TE GAAN SONDIG NIE.

In kerk kringe was altyd gesê: **Gaan en sondig nie meer nie, dan sal ons jou nie veroordeel nie.** Dit is hoekom mense wegskram van kerke af. Dis nie omdat hulle teen Jesus rebelleer nie, maar **omdat hulle nog nooit gehoor het van die Jesus wat 'n skuldige sondaar – die gawe van *"geen veroordeling"* gee nie!**

Sondaars ken net die kerk as '**n stel reels van godsdiens** – wat hulle net ***oordeel en onder veroordeling*** bring. Elke mens ken die **10 gebooie**, hulle ken **die letter wat die dood bring maar hulle ken nie die Persoon wat lewe bring nie.**

As Christendom oor **reels en goeie werke gegaan** het, sou dit geensins verskil het van enige ander godsdiens nie. Almal word gelei deur morele wette. Die verskil is – al die ander is

“bloedlose” godsdienste – daar is geen Redder wie se bloed vir Sy volgelinge gestort is nie en die Woord verklaar:

Heb 9:22 En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.

Was die vrou skuldig? Verseker – ipv om haar te veroordeel – klippe dood te gooi, toon Jesus vir haar **genade en gee haar die gawe van geen veroordeling.**

Dink jy sy sou daar opstaan, na hierdie noue ontkoming en terug gaan spring in die bed van haar “lover”? Nee - duidelik **dat Jesus het geglo dat wanneer mense ‘n openbaring kry van hoe lief God vir hulle is en hulle nie veroordeel nie, dat hulle die KRAG sal kry om die vernietigende sirkel van sonde te verbreek.**

In wie plaas jy jou vertroue vandag: Jesus se genade wat sonde opsuig OF die mens se vrees dat gelowiges “genade” gaan gebruik om weer te sondig?

Onder veroordeling is jy gedoem om weer en weer te sondig! Want jy voel **skuldig en veroordeeld en jy glo dat God kwaad is vir jou en niks met jou te doen wil hê nie.** Omdat jy glo **God is kwaad vir jou en ver van jou af,** sal jy aanhou om die sonde te doen.

Jesus se metode om met sonde te deel is anders: Wanneer jy sondig, sê Hy vir jou : “Ek veroordeel jou nie, gaan en **sondig nie meer nie**.”

Wanneer jy die gawe van geen veroordeling ontvang, weet jy dat jy nog steeds fellowship het met jou en dat Sy **bloed jou gedurig reinig.**

1Jn 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

Slot: In al jou **hopeloosheid, swakhede, jou kwesbaarheid** kyk Jesus na jou met ‘n sagtheid in Sy oë en sê vir jou: “Waar is jou aanklaers? Het niemand jou veroordeel nie? Ek **veroordeel jou ook nie, gaan en sondig nie meer nie**.

Elke keer wanneer jy faal in gedagte, woord of daad, **ontvang die gawe van geen veroordeling**: **Sy GENADE is die LEERMEESTER na ‘n toegewyde lewe**

Tit 2:11 Want die **reddende genade van God** het aan alle mense verskyn
Tit 2:12 **en leer ons** om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë (selfbeheersing) en regverdig(opregtheid) en vroom (godsvrug) in die teenwoordige wêreld te lewe,
Tit 2:13 terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus,
Tit 2:14 wat **Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself ‘n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.**
Tit 2:15 **Dit is die dinge waaroor jy moet praat**. Gebruik jou **volle gesag om aan te moedig en tereg te wys**. Gee aan niemand aanleiding om op jou neer te sien nie.

Rom 8:1 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.
Toe Jesus sterf aan die kruis, is al jou mislukkings veroordeel aan die kruis. Vandag is jy vry om 'n lewe van oorwinning te leef, nie **agv jou gehoorsaamheid aan die wet nie, maar agv jou gehoorsaamheid van geloof in die bloed en geregtigheid van Jesus** !

Rom 8:3 Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel.
Jou erfporsie vandag is nie langer meer skuld, straf en veroordeling nie, maar geregtigheid, vrede en blydskap in die Heilige Gees deur Jesus Christus.

Glo en ontvang hierdie gawe van geen veroordeling en leef vir HOM ! **So sal jy kan oorwin oor sonde, verslawing, negatiewe gedagtes en elke sirkel van mislukking wat jou in gevangeneskap gehou het.**

Dus gaan jy nie meer **onder die Koning van die konings se woede deurloop nie, maar Sy guns is op jou lewe.**

"....but his favor is as [*refreshing as*] dew upon the grass. [*Hos. 14:5.*] Spr **19:12** 'n Koning se woede is soos die brul van 'n leeu, en sy goedgesindheid **soos dou op die gras.**

Hos 14:4 I will heal **their faithlessness**; **I will love them freely, for My anger is turned away from [*Israel*].**
Hos 14:5 I will be like the dew and the night mist to Israel; he shall grow and blossom like the lily and cast forth his roots like [*the sturdy evergreens of*] Lebanon.

Hos 14:4 (14:5) Ek sal hulle ontrou genees. Ek sal hulle van harte liefhê. Wanneer my toorn van hom afgewend is,
Hos 14:5 (14:6) sal Ek vir Israel wees soos die dou. Hy sal bloei soos 'n lelie en hy sal so vas staan soos die Libanon.

Jer 3:22 Kom terug, kinders wat afgedwaal het, Ek wil 'n einde maak aan julle afdwaling. Kyk, ons kom na U toe, want U is die Here ons God!

Guns? Gen 27:28 God gee aan jou dou uit die hemel, die rykdom van die aarde: koring en wyn in oorvloed.
Deu 32:2 My onderrig kom na julle toe soos reënwater, my woorde verkwik julle soos dou.
Hos 6:3 Kom ons wy ons aan Hom toe, kom ons streef daarna om ons aan die Here toe te wy. Die Here sal verskyn, so seker as die son opkom, Hy sal na ons toe kom soos stortreën, Hy sal ons verkwik soos lentereëns die grond verkwik." soos sagte reëns op die grassies, soos reënbuie op die graan.
Num 11:9 Die manna het snags saam met die dou by die kamp geval.
Joh 1:16 Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang.